kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 10 | 10 Mei

WONDERWERKE

Debrief

- Laat elkeen bietjie vertel wat hulle oor die langnaweke gedoen het en wat vir hulle voorlê vir die maand
- Bid saam!

Luister

- Lees saam Luk 5: 12-16
- Lees saam Luk 17:11-19

Gesprek!

- Ons lees hier van 2 genesings. Dit gaan hier oor melaatsheid (nie noodwendig die siekte wat ons vandag ken nie, maar soorgelyks). Belangrik om te verstaan dat mense uit die samelewing verban was en sosiaal uitgeskuif was (daarom die verwysing na die priester wat die "gatekeeper" is tussen "in" of "uit").
- Genesings (en wonderwerke) van Jesus gaan nie in die eerste plek oor die "wonderwerk" of "genesing" per se of eensydig nie. Jesus was in die eerste instansie gefokus op TOTALE GENESING, nie net fisies nie – en dit sluit sosiaal, emosioneel en belangrikste, geestelik in.
- Verwysings na geloof gaan dus nie oor geloof in die wonderwerk of die persoon wat die wonderwerk doen nie (soos die dissipels wat self wonderwerke gedoen het) maar oor geloof in JESUS as die MESSIAS en die geloof dat God in beheer is. En die uitkoms of doel vir Jesus was altyd die redding van iemand en die bewys dat God heers.
- Die krag van die koninkryk van God wat kom op aarde is bewys deur die wonderwerke wat Jesus verrig het. So die doel van die wonderwerke in die Bybel was om te bewys dat Jesus die Messias is wat namens God optree, dat die koninkryk deurbreek en dat mense gered word in liefde deur die opoffering van Jesus se kruisdood.
- Nêrens lees ons dat Jesus 'n groot ding (fuss!) gemaak het van wonderwerke nie. Inteendeel – hy het gevra dit moet stil gehou word sodat nie daaroor gaan nie, maar oor God, liefde en verlossing.
- Dieselfde geld vir vandag – baie mense maak 'n ophef van die voorkoms of gebrek aan genesings of wonderwerke of onverklaarbare - terwyl Jesus se fokus nog altyd die bogenoemde was.
- Die groot vraag vir die kinders – gebeur wonderwerke vandag nog en as dit doen – hoekom sien ons dit nie?
- Belangrik om te gesels oor – WAT IS 'N WONDERWERK? As iets in die natuurlike gebeur is dit nie 'n wonderwerk nie? Soos 'n dokter wat iemand gesond maak deur mediese metodes – is dit nie 'n wonderwerk nie?
- Aan die ander kant – is daar nie getuienis van buitengewone wonderwerke meer vandag nie – soos genesings? Daar is verseker. Die gevaar is net – as jou teologie beginne draai om die 'wonderwerke' en bonatuurlike 'genesings' dan verval jy in 'n teologie wat nie sin maak die dag as die Here dan nou besluit om iemand nie met 'n wonderwerk gesond te maak nie.
- Opsommend:
    - Wonderwerke gebeur vandag.
    - Ons oë moet wyer oop wees om hulle raak te sien – ook in die kleine!
    - Ons moet die eer vir wonderwerke op God plaas en verstaan dat dit oor Hom, verlossing, liefde en totale genesing gaan. Nooit oor ons nie.

Wrap-up!

- Laat elkeen sê wat hulle vandag vasgemaak het oor WONDERWERKE
- Vra vir hulle wat is die temas waaroor hulle graag wil praat en gee die lysie VANAAND nog vir Nelis
- Laat hulle saam bid rondom die tema van Wonderwerke
- Kyk of jy hulle vir die week weer kan organiseer in bid-buddies.